Overstrand Personeelblad/Staff Newsletter

Phambili!

Vorentoe/Forward

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality OVERSTRAND

Uitgawe 3

JULIE | AUGUSTUS 2018

Boodskap van die Munisipale Bestuurder

Beste kollegas,

Die nuwe vyf-jaar-siklus het ongetwyfeld nie weggespring soos verwag nie.

Gegewe dat Overstrand reeds onder Suid-Afrika se top plaaslike owerhede tel, het ons die nuwe boekjaar betree met groot verwagtinge dat ons, op die allerminste, ons huidige posisie sou kon behou - en dalk selfs daarop sou kon verbeter.

Maar toe tref die teëspoed ons.

Nadat ons skaars 'n uitgerekte droogte te bowe gekom het wat daartoe gelei het dat baie landelike werkgewers hul werksmag moes verskraal, het kriminele en vandale besluit om regmatige grondgeskille vir hul eie gewin uit te buit - met die gevolg dat selfs meer van ons mense nou in groot nood verkeer.

Wat my egter verstom is dat, ondanks die feit dat bykans 50% persent van ons werksmag verhoed is om vir werk aan te meld, julle steeds daarin geslaag het om met julle dagtake te volhard - en dan sommer baie doeltreffend ook.

Wanneer ek terugkyk op die gebeure van die afgelope paar maande, is ek oorstelp deur die mate van veerkragtigheid en vasberadenheid wat deur ons span hoogs toegewyde amptenare aan die dag gelê is.

Ja, julle is inderwaarheid 'n ware vergestalting van 'n sentrum van uitnemendheid en ek sê dankie dat julle altyd, altyd bereid is om te dien en te versorg, maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Aan die positiewe kant het die ouditeur-generaal vir die vyfde opeenvolgende jaar 'n skoon oudit aan Overstrand toegeken. Dit opsigself is 'n aanduiding van 'n gesonde administrasie waar in 'n ieder en 'n elk van julle 'n allerbelangrike rol vervul - hou so aan!

Natuurlik sal daar heelwat herbou moet word en ons het al reeds begin met planne om Overstrand se reputasie te herstel - 'n plan wat gaan verg dat 'n ieder en 'n elk van julle jul deel doen. Maar nou dat ek eerstehands gesien het van watter staal Overstrand se amptenare gemaak is, het ek alle rede om te glo dat ons van krag tot krag sal gaan.

Baie dankie vir jul bereidwilligheid om Overstrand se verbintenis tot diens aan sy burgers te demonstreer, selfs onder gevaarlike omstandighede. Dit het beslis nie ongemerk verbygegaan nie en daar is nie genoeg woorde om te beskryf hoe baie dit waardeer word nie.

Beste wense, Coenie Groenewald

"OOM JUMBO" VEREER

40 JAAR SE ONONDERBROKE DIENS

Tydens 'n Raadsvergadering wat op Woensdag 27 Mei 2018 in Hermanus se banketsaal gehou is om erkenning aan personeel vir hul lang diens te verleen, het Munisipaliteit Overstrand spesiale eer betoon aan sy langsdienende werknemer, James Paul White.

"Oom Jumbo", soos daar liefderik na hom verwys word, het op die ouderdom van 24 'n pos by die paaie-afdeling van die destydse Kleinmond-munisipaliteit aanvaar. Wanneer hy terugkyk op sy eervolle loopbaan, kan hy nie help om met trots op te merk dat hy vandag deel is van 'n sentrum van uitnemendheid nie en, in die besonder, gehelp het om 'n verskil in sy eie gemeenskap, Kleinmond, te maak.

James is in 1953 in die Kleinmondhawe gebore en het, nadat hy standerd 6 (graad 8) voltooi het, as 'n handlanger op boupersele begin werk.

Toe hy destyds by die munisipaliteit aangesluit het, was sy eerste afdelingshoof die nou ontslape mnr. Eddie Deysel ("'n lieflike mens") maar, gee James toe, dit was "oubaas Piet Swanepoel, soos ons hom destyds genoem het, wat my geïnspireer het: Hy was streng, maar billik."

"Oor die jare heen het die werksomstandighede nogal drasties verander," merk James op. "Daardie jare moes ek in die koue wintermaande kaalvoet in stormwaterslote werk en was daar nie sprake van die veiligheidsdrag waarmee almal vandag uitgerus word nie."

Nietemin, ten spyte van die ontberinge waarvoor hulle dalk te staan mag kom, is Oom Jumbo se boodskap aan die jeug van vandag dat hulle bereid moet wees om onder te begin en hul pad boontoe te werk: "Onthou, werk is skaars, so waardeer en koester dit wat jy het. Voorts, maak seker dat jy elke bemagtigingsgeleentheid wat jou kant toe kom, aangryp. Was dit nie vir die geleenthede wat Overstrand my gebied het nie, sou ek nie vandag kon terugkyk op die verskil wat ek in my gemeenskap kon help maak nie, en daarvoor is ek opreg dankbaar."

In sy private hoedanigheid is James 'n pastoor en kommissaris van ede en het oor die jare heen al by vele troues en begrafnisse waargeneem.

Trots, maar nederig: James Paul White erken met 'n kopknik die staande toejuiging by ontvangs van sy sertifikaat ter erkenning van veertig jaar se diens by Munisipaliteit Overstrand.

• Met 'n indrukwekkende 35 jaar se diens as kassier was Florence Ngwanya (Hermanus-administrasie) nog een van die sterre wat by April se langdienstoekennings uitgeblink het.

Komaan boetie, speel nou mooi saam!

En daar's hy: Netjies verpak en reg vir veilige vrylating te danke aan dié man

GRAIG NIEMAND is 'n ou wat baie rolle by die Stanford-administrasie vervul: Eintlik is hy 'n loodgieter, en soms help hy brande bestry, maar wat hom waarskynlik onderskei is sy vermoë om slange sonder 'n gedoente te vang en sonder om onnodige leed te veroorsaak aan die arme reptiel wat maar net "betrap" is omdat hy "per ongeluk" mense se eiendom betree het. Sy slag om slange te vang, het nie ongemerk verbygegaan nie en, as 'n blykie van waardering, het die gemeenskap van Stanford Graig op hulle koste onlangs ingeskryf vir 'n gespesialiseerde kursus in hoe om Afrika se giftigste slange te hanteer en hul byte te behandel.

Hier's 'n brokkie raad: As jy vermoed dat 'n glibberige knaap hom dalk onder jou bed tuisgemaak het, bel Graig!

Net so terloops, die pragtige pofadder op die foto is aangekeer op die koudste dag wat tot op hede in Stanford aangeteken is en moes waarskynlik die wyk neem toe sy hibernasieplekkie deur swaar reën verswelg is.

KOM BLAAS DOPPIES REDE OM TE GLIMLAG

Toe Rowena Karelse, Justin Solomons en Sophie August die projek *Kom Blaas Doppies* einde laasjaar van stapel gestuur het, het hulle geensins verwag om letterlik toegegooi te word met hope en hope plastiese bottelproppies en broodetikette nie.

Aldus 'n verheugde Rowena het hulle in hul "wildste drome" nooit sulke ondersteuning verwag nie.

Bettysbaai se bibliotekaresse Rosaline Matthew (regs) en Joyce Sandy met maar net 'n fraksie van die bottelproppies wat hulle tot op hede ingesamel het.

Vir elke 8 000 bottelproppies wat versamel word, word R5 000 geskenk as bydrae tot korrektiewe mediese prosedures wat dalk nodig mag wees om 'n kind te help wat met 'n haaslip of gesplete verhemelte gebore word. Aangesien die koste van hierdie operasies astronomies kan wees, is die donasies wat by wyse van hierdie projek bekom word 'n ware uitkomste vir die ouers van kinders wat aan hierdie gebrek ly.

Toe die personeel wat die belastingkantoor in Gansbaai beman hoor hoe gewillig besorgde inwoners is om hierdie inisiatief te ondersteun, het hulle summier besluit om ook daaraan deel te neem… en nie te lank daarna nie het die biblioteke ook ingespring.

"Deur bloot die gewoonte aan te kweek om jou plastiese bottelproppies en broodetikette eenkant te hou sodat jy dit, volgende keer wanneer jy die belastingkantoor of biblioteek besoek, kan aflaai, maak jy nie net 'n verskil in die lewe van 'n kind nie, maar help jy ook om ons grondopvulterreine plastiekvry te hou," sê Rowena. "So, kom aan, vertel al jou vriende. En wees gerus: Elke proppie en etiket word met ope arms verwelkom!"

Potensiële sonskyn-glimlaggies by die sakke vol: Hantie Vermeulen, Annelie Lourens, Dinah Harper, Zelna Botma, Jurita Booker en Joana Swanepoel van die Gansbaai-administrasie is al te trots op hul insameling.

GEWILLIGE HANDE IN 'N TYD VAN NOOD

Opregte dank aan al daardie fantastiese vroue wat ten tyde van die onlangse onluste in Zwelihle reggestaan het om te help sorg dat lede van die SAPD en wetstoepassingsagentskappe ietsie te ete kry en na omgesien word. Hier geniet (van links na regs) Datin Burgess, Shandre Oncker, Whynite Fourie, Kim Brikkels, Carren Dreyer en Suzaan Stanley 'n welkome blaaskansie.

Te danke aan Nic Kennedy van die Vanderbolt Coffee Company en Shofar-kerk in Hermanus kon personeel van die direktoraat beskermingsdienste darem 'n koffietjie geniet voordat hulle moes intree om wet en orde in Zwelihle te help handhaaf. Julle ondersteuning en sorgsaamheid gedurende hierdie moeilike tye het nie ongemerk verbygegaan nie. ***Baie, baie dankie!!***

UITSONDERLIKE EER VIR HAWSTON-BIBLIOTEKARESSE:

Belinda May gaan haar bevindinge by internasionale konferensie in Japan aanbied

As deel van die vereistes om 'n honneursgraad in Biblioteek- en Inligtingskunde te verwerf, moes Belinda May, verbonde aan die Hawston-biblioteek, 'n navorsingsprojek onderneem. As onderwerp het sy gekies om meer te wete te kom oor hoe munisipaliteite onderling inligting uitruil.

Aldus Belinda is daar 'n groot verskil tussen hoe inligting *bestuur* en hoe dit *gedeel* word, en aangesien haar studie die enigste van sy soort is wat tot op hede oor inligtingsdeling in die Wes-Kaap uitgevoer is, het dit groot belangstelling uitgelok. "Ek is genooi om my bevindinge voor te lê ten tyde van die Internasionale Konferensie oor Inligting en Sosiale Wetenskappe wat midde-Augustus in Sapporo, Japan gaan plaasvind.

"Die feit dat my bevindinge in joernale gepubliseer gaan word en dat ek genooi is om 'n referaat voor so 'n uitgelese gehoor te lewer, is 'n groot eer. Dit onderstreep maar net weer eens daardie oortuiging wat ek en Churchill eens het: 'Never, never, never give up.'

"Nadat ek gematrikuleer het, moes ek noodgedwonge werk gaan soek sodat ek my ma kon help om ons gesin aan die gang te hou. Verdere studies was buite die kwessie.

"In 1987 het ek werk as 'n biblioteekassistent by die Hawston-biblioteek gevind, en ek werk nog steeds daar. Die drang tot selfverbetering wou egter nie na laat los nie, en op die lange duur het ek in 2005 'n nasionale diploma in biblioteek- en inligtingskunde deur UNISA verwerf.

"Aangesien ek in die interim getroud is, het my prioriteite so effe verander en het ek die volgende paar jaar daaraan gewy om drie pragtige kinders te help grootmaak.

"Nietemin, danksy die ondersteuning van my familie, vriende en kollegas kon ek daarin slaag om my honneursgraad in Februarie 2018 te behaal en dit nogal op die ouderdom van vyftig!"

Die konferensie waar Belinda haar referaat gaan lewer, het ten doel om 'n ruimte te skep waar diegene wat hulle met inligting- en sosiale wetenskappe bemoei, hul idees en jongste navorsingsbevindings kan uitruil asook om netwerke daar te stel wat wêreldwye medewerking tussen navorsers en sake-ondernemings wat hulle met hierdie terrein bemoei moontlik sal maak.

Die finansiële ondersteuning wat Munisipaliteit Overstrand tot op hede gebied het, word ten sterkste waardeer, sê Belinda, maar om die waarheid te sê, alle eer kom daardie kollegas in Gansbaai, Stanford en Kleinmond toe wat heel gewillig was om 'n rits vraelyste te voltooi en terug te stuur en om 'n tydjie af te knyp sodat sy met hulle onderhoude kon voer.

"Te danke aan julle inset sal ek die saak 'Overstrand' aan 'n internasionale gehoor kan voorlê en, wie weet, dalk nuwe verhoudinge met die internasionale gemeenskap kan aanknoop wat ons, op die lange duur, sal kan help om sommige van die grootste vraagstukke in ons gemeenskap op te los."

• *Namens Phambili hoop ons dat Belinda en haar gade Phillipus hul reis na Japan sal geniet. Ons sien daarna uit om by hul terugkeer meer te wete te kom van wat julle alles wys geword het. Belinda, jy dien as 'n inspirasie vir 'n ieder en 'n elk!*

PERSONEEL WORD VEREER VIR LANG DIENS BY DIE MUNISIPALITEIT

APRIL 2018

KLEINMOND EN GANSBAAI ADMINISTRASIES

Bonginkosi Gerald Ntozakhe (Kleinmond - 15 jaar), Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Omoria Samuels (Kleinmond - 25 jaar), Mbuyiselo Ngwenya (Gansbaai - 20 jaar), Hendry Gudu (Kleinmond - 20 jaar), Burgemeester Dudley Coetzee, Solomon Booysen (Gansbaai - 25 jaar), Asian Ngwenya (Gansbaai - 10 jaar), Defrane Dahl (Gansbaai - 25 jaar), James Felix (Gansbaai - 25 jaar), Paul de Villiers (Gansbaai - 20 jaar) en Portefeulje. **Voorsitter:** Bestuursdienste Rdl Andrew Komani.

HERMANUS ADMINISTRASIES

Voor (l-r) Fundiswa Mdlangazi (15 jaar), Wilhelm Plaatjies (10 jaar), Heathley Plaatjies (10 jaar), Burgemeester Dudley Coetzee, Siphiwo Magwaza (10 yrs), Romeo Stevens (10 jaar) en Rdl Andrew Komani. **2de** ry (l-r) Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Edgar Hendricks (10 jaar), Josef Slabbert (10 jaar), Zimisele Vetyu (15 jaar). **3de** ry (l-r) Ludidi Mbizo (15 jaar), Llewellyn Lukas (10 jaar), Mhlanganiseli Mtshizana (30 jaar), Penelope Aplon (10 yrs), Elia Cekiso (15 jaar). **4de** ry (l-r) Xolisani Ntsoto (10 jaar), Solomon Khoni (15 jaar), Elzene Charles (15 jaar). **Agter** (l-r) Gerhard Smit (10 jaar), Gerhard Coetzee (25 jaar), Schalk van der Merwe (10 jaar), Elmarie Hooneberg (15 jaar)

MEI 2018

HERMANUS ADMINISTRASIES

Hermanus Bibliotekaresse, Alette Kotzé, is vereer met 'n dienssertifikaat vir 30 jaar. By haar staan Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald (links), Rdl Andrew Komani en Burgemeester Dudley Coetzee.

KLEINMOND ADMINISTRASIES

Sizakele Sidwell Mahashe (10 jaar), Bonakele Carlos Phiri (10 jaar), James Paul White (40 jaar), en Henley Merrick Johnson (10 jaar) is vereer met lang dienssertifikate. By hulle staan Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Rdl Andrew Komani, en Burgemeester Dudley Coetzee.

GANSBAAI ADMINISTRASIES

Louis van der Linde(middel), en Samuel Willemse (2de regs) is vereer vir 15 jaar diens by die Overstrand Munisipaliteit. By hulle staan Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Rdl Andrew Komani, en Burgemeester Dudley Coetzee.

JUNIE 2018

GANSBAAI ADMINISTRASIES

Henry Kees (middle regs), Andile Nyatama (2de regs) asook Gansbaai se areabestuurder, Francois Myburgh (heel regs) is erken vir 20 jaar diens aan die Munisipaliteit. By hulle staan Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Rdl Andrew Komani, en Burgemeester Dudley Coetzee.

HERMANUS ADMINISTRASIES

Mandla Makheke (heel regs) is erken vir 10 jaar diens aan die Munisipaliteit. By hom staan Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Rdl Andrew Komani, en Burgemeester Dudley Coetzee.

ELKE PRENTJIE VERTEL 'N DUISEND WOORDE

Welgedaan aan die personeel van Kleinmond se biblioteek wat hul bes gedoen het om hul erfenis en kultuur so gepas op Afrikadag te vier - 'n geleentheid wat op die 25ste Mei gehou word.

Uitgedos in hul "tradisionele" drag is, van links na regs, Yoliswa Konzapi, Sethu Mto, Venda de Jager, Wilna Hooneberg en Gloria Mahashe.

Altyd gewillig om sy deel te doen, het ons onverskrokke direkteur van ekonomiese ontwikkeling en toerisme, Soli Madikane (regs), hierdie kleurvolle uitrusting ter ondersteuning gedra...

HOOR MEISIES SE PLEIDOOI

Girl Power, 'n inisiatief sonder winsbejag wat aanvanklik deur rdl. Michelle Sapepa met die ondersteuning van Sylvia Block van die Hermanus-administrasie van stapel gestuur is, het ten doel om sanitêre doekies en vroulike higiëne produkte te voorsien aan skooldogters komende van benadeelde gemeenskappe in die Overstrand.

Alhoewel die Girl Power-projek aanvanklik bestem was om saam te val met vanjaar se Madibadagvieringe, word daar nogtans steeds 'n beroep gedoen op inwoners oral in Overstrand om 'n verskil in 'n dogter se lewe te maak deur aan te hou om hierdie verdienstelike saak te ondersteun.

Neem ook kennis dat weens die onluste in Hermanus, die Girl Power-span geskenkte produkte noodgedwonge eers op 'n latere datum sal kan versprei.

In Kleinmond het rdl. Grant Cohen hierdie #MadibaDayChallenge-projek onder sy vlerk geneem met die voorneme om op Madibadag soveel as moontlik vroulike higiëne produkte by skole te versprei. En tot almal se verbasing en verheuging word daar toe 'n hele vrag sanitêre doekies anoniem by die kantore van die Kleinmond-administrasie afgelewer.

Vir hierdie anonieme Kleinmonder sê ons opreg dankie!

Menstruasie is 'n natuurlike proses waarmee elke dogter op een of ander tydstip te make gaan kry. Aangesien 'n pak van 10 sanitêre doekies ongeveer R25 kos, is dit 'n uitgawe wat baie meisies vanuit verarmde gemeenskappe eenvoudig nie kan bekostig nie. Dit noop hulle om enigiets van lappe tot vadoeke, ou klere, watte, toiletpapier, koerante en selfs boomblare te gebruik om die bloedvloei te keer.

Erger nog, studies toon dat tot soveel as 30% van meisies bloot nie skool bywoon wanneer hulle menstrueer nie omdat hulle weens gebrekkige toegang tot toereikende sanitêre produkte vrees dat hulle in die verleentheid gestel sal word. Aangesien menstruasie klokslag plaasvind en, gewoonlik, vyf dae per maand duur, beteken dit dat meisies wat onder hierdie gebrek gebuk gaan tot soveel as 60 skooldae per jaar kan inboet.

In 'n poging om in hierdie voortdurende behoefte van minderbevoorregte dogters in ons gemeenskap te voorsien, moet mense asseblief aanhou skenk. Sanitêre doekies en vroulike higiëne produkte kan by enige van die biblioteke of kantore van die onderskeie munisipale areabestuurders besorg word.

As jy meer oor hierdie projek te wete wil kom, skakel Sylvia Block by 028 313 8108.

Hier verskyn (van links na regs) Charmaine Kotzé, Gamat van Eeden, Carla Swartz, Merle Solomons, rdl. Grant Cohen en Thembeka Vara saam met sommige van die sanitêre doekies wat sedertdien op Madibadag uitgedeel is.

DIT IS ALTYD LEKKER OM 'N GESKENK TE ONTVANG, MAAR DIE GEWER WAT DIE GELUKKIG EEN IS! Baie dankie Sylvia Block, Adri van der Merwe, Farndean Erasmus en Doret Taljaard (en sommer aan almal wie help met ondersteuning en bydraes!)

KLEINMOND-ADMIN SE JUKSKEISPAN MAAK SKOONSKIP

Span Kleinmond kan met rede bokspring.

Ondanks strawwe kompetisie is die span wat deur Kleinmond se administrasie ingeskryf is om aan die jaarlikse Jukskeidag, georganiseer deur die plaaslike jukskeiklub, deel te neem as oorwinnaars in hul afdeling gekroon.

Dié oorwinning word hier gevier saam met spanlede Merle Solomons, rdl. Grant Cohen, Gamat van Eeden, Carla Swartz en, natuurlik, die geheime wapen Bibi Schmidt (links) wat terloops ook vir die SA vrouespan speel.